

23 Mei 2017

Dink nuut!!!

Omsendbrief 15/2017

Geagte Ouers

Ons wil graag die volgende inligting met u deel:

1. Pretlooplyste

'n Baie groot dankie aan elkeen van u, u kinders en al die personeellede wat hard gewerk het aan die pretlooplyste, wat 'n totaal van **R22 031,20** ingebring het. Dankie ook aan al ons borge wat die pryse geskenk het.

Baie geluk aan die volgende prysweners:

Eerste Prys: Suné du Plessis (Gr. 2)

Tweede Prys: Danté Olivier (Gr. 0)

Derde Prys: Jaymie Meyer (Gr. 1)



Klas wat die meeste geld ingesamel het: Gr. 0

Gelukkige trekking van R200: Lisa Schoeman

Gelukkige trekking van R150: Shafiek Munnik & Stephan Marais

Gelukkige trekking van R100: Ella Sonnekus &
Alexandra Ndayishimiye

2. De Grote Rekendag / Nederlandse studente

Al ons kinders neem vanjaar weer deel aan De Grote Rekendag, 'n program wat deur die Universiteit van Utrecht, Nederland, spesiaal vir skole ontwerp word om deur middel van pretoefeninge Wiskundige vaardighede aan te leer. Dit vind eerskomende Woensdag in klastyd plaas vanaf 08:30 tot 10:30.



Baie dankie aan ons personeellede vir die voorbereiding en ook aan ons twee Nederlandse studente, mejj. Ilona Krul en Eva van 't Ende vir die koördinering van die program. Die twee studente verlaat ons eerskomende Vrydag en ons wens hulle voorspoed toe met hul studies vorentoe. Voorlopig welkom aan twee nuwe studente van Nederland, naamlik mejj. Noortje Ankone en Julia Verheul, wat vanaf eerskomende Maandag vir die volgende 4 weke by ons aansluit.

3. Hemelvaartdag

U sou op ons kwartaalprogram oplet dat eerskomende Donderdag Hemelvaartdag is. Onthou dat dit by ons 'n normale skooldag is en dat almal teenwoordig moet wees, veral in die lig van die vol akademiese program.

Ons gaan voort met die tradisie dat al die kinders en personeelle die diens by Wynberg NG Kerk bywoon. Die kinders tree soos normaalweg om 08:00 aan sodra die klok gelui het. Daarna gaan hulle hul tasse in die klas bêre en weer buite in rye aantree voordat ons almal na die kerk toe oorstap. Die diens begin om 08:15 en behoort teen 09:00 klaar te wees. Daarna volg ons die normale skoolprogram. U is hartlik welkom om die diens saam met ons by te woon.

Vriendelike groete

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF